Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

4 Junie 2021

Vir aandag: Kerkrade en kerkkantore

Geagte vriende,

VLAK 2 VAN INPERKING VANAF 31 MEI 2021

Ons vertrou dit gaan goed met 'n ieder en 'n elk. Pas julle gesondheid tog op.

Pres. Cyril Ramaphosa se aankondiging van Vlak 2 van inperking met ingang 31 Mei 2021 is wyd in die media rapporteer. Die styging van die infekteringskoers is 'n werklikheid, ook reeds in die Oos-Kaap.

'n Uitgebreide staatskoerant, Nr 44642, het op 30 Mei 2021 verskyn. Maak seker u is op hoogte daarvan. Vir gemeentes is die kern van die inperkingsmaatreëls die volgende:

- Slegs 100 persone mag binnenshuis bymekaarkom, en 250 buite. Die 100 mag nie 50% van die kapasiteit van die vertrek oorskry nie. Indien wel, verminder die maksimum getal persone wat in daardie ruimte mag vergader. Dit geld alle byeenkomste, waaronder eredienste, huwelike en begrafnisse
- Die aandklokreël is aangepas van 23:00 tot 04:00. Indien pastoraat in hierdie tyd moet plaasvind, moet leraars 'n permit in hul besit hê – klik hier vir die aangepaste permit – MS Word | PDF
- Gemeentes moet steeds die voorkomingsmaatreëls in stand hou, soos 'n register van bywoning, sosiale afstand, ontsmetting en goeie ventilasie. Verwys na bogenoemde staatskoerant.
- Wanneer iemand positief vir Covid toets, en in kontak was met ander by die kerk, moet die kontakte opgevolg word.

Wees waaksaam. Die derde vlaag is met ons, tans veral in naasliggende provinsies, en sal vir seker ook na ons oorspoel.

Met beste wense,

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode